Gedurende die loop van 1969 het die lopende rekening van die betalingsbalans omgeswaai vanaf 'n surplus van R73 miljoen gedurende die eerste kwartaal, tot tekort van R78 miljoen, R109 miljoen en R46 miljoen vir die laaste drie kwartale van die jaar, onderskeidelik. Die tekort op lopende rekening, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het effens afgeneem vanaf R384 miljoen in die derde kwartaal tot R342 miljoen in die vierde kwartaal.

Skerp toename in goedere-invoer

Die algemene versnelling in ekonomiese bedrywigheid en die hoë peil van binnelandse vraag het, onder die relatiewe vrye invoerstelsel, 'n aansienlike toename in goedere-invoer vanaf R1,930 miljoen in 1968 tot R2,200 miljoen in 1969 tot gevolg gehad, d.w.s. 'n toename van 14 persent. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het goedere-invoer in al drie die laaste kwartale van 1969 toegeneem, vanaf die relatief lae syfer van R1,870 miljoen in die eerste kwartaal tot R2,456 miljoen in die vierde kwartaal. Alhoewel die invoer van intermediêre en verbruiksgoedere ook toegeneem het, het kapitaalgoedere die grootste bydrae tot die stygging in invoer gemaak.

Die hoë invoersyfer vir die vierde kwartaal kan in 'n sekere mate toegeskryf word aan die onsekerheid wat in verband met die bemarking van goud bestaan het en aan die moontlikheid om invoerbeperkings te gebruik ten einde die verminderde buitelandse valutareserves te beveilig. Hierdie onsekerheid het verdwyn as gevolg van die ooreenkoms aangaande goudbemarking wat op 31 Desember aangekondig is en die verklaring deur die Minister van Ekonomiese Sake in Desember 1969 dat die Regering besluit het om in die toekoms nie meer invoerbeheer onder die bepalings van Artikel XII van die



Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel toe te pas nie. (Laasgenoemde verklaring sowel as die brieue wat op die nuwe goudbemarkingsreëlings betrekking het, word elders in die Kwartaalblad gepubliseer.)

Klein verandering in goedere-uitvoer

Gedurende 1969 het goedere-uitvoer op ongeveer dieselfdevlak as in 1968 gebly en het R1,490 miljoen bedra. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het goedere-uitvoer 'n hoogtepunt van R1,562 miljoen in die eerste kwartaal van 1969 bereik, daarna skerp tot R1,395 miljoen in die tweede kwartaal gedaal, voordat dit weer tot R1,478 miljoen in die derde kwartaal en tot R1,529 miljoen in die vierde kwartaal gestyg het.

Alhoewel totale uitvoer gedurende 1969 baie min verander het, het die uitvoere van sekere produkte betekenisvol geskommel. In besonder het die waarde van landbouprodukte uitgevoer in 1969 skerp gedaal, maar hierdie daling is deur groot toenames in die uit-

voer van edel- en halfedelgesteentes en onedelmetaalprodukte geneutraliseer.

Toename in netto goudproduksie




Alhoewel die fisiese volume van goudproduksie feitlik geen verandering getoon het nie, het die waarde van netto goudproduksie, soos vir betalingsbalansdoeleindes gedefiniéer, in 1969 met R78 miljoen tot R847 miljoen toegeneem. Dit was die gevolg van die hoér opbrengste uit verkope van goud op die vrye mark.

Veranderings in ander lopende transaksies

Hoofsaaklik as gevolg van hoér vrag- en versekeringsbetalings, wat in verband staan met die toename in invoer, het totale betalings vir dienste met ongeveer R43 miljoen gedurende 1969 gestyg. Aangesien ontvangstes vir dienste nie veel verander het nie, het netto betalings vir dienste aan die res van die wêreld bygedra tot die verswakkings in die saldo op lopende rekening in 1969. Netto oordragontvangste het in 1969 met R10 miljoen afgeneem nadat dit skerp in 1968 gestyg het.

Verdere invloeiing van kapitaal

Alhoewel dit baie minder bedra het as die invloeiing van R446 miljoen wat in 1968 aangeteken is, het 'n verdere invloeiing van R93 miljoen kapitaal in 1969 voorgekom.



Hierdie invloeiing het bestaan uit 'n bedrag van R74 miljoen na die private sektor en R19 miljoen na die sentrale regering en banksektor. Feitlik die hele invloeiing na die private sektor het uit langtermynkapitaal bestaan.

Nadat invloeiings gedurende die eerste en tweede kwartaal van 1969 en 'n uitvloeiing van R21 miljoen gedurende die derde kwartaal voorgekom het, is 'n netto invloeiing van kapitaal ten bedrae van R44 miljoen gedurende die vierde kwartaal aangeteken. Aangesien die regering en banksektor 'n netto uitvloeiing van kapitaal van R22 miljoen gedurende die vierde kwartaal getoon het, is 'n netto invloeiing van R66 miljoen deur die private sektor ontvang, wat bestaan het uit R41 miljoen langtermynkapitaal en R25 miljoen korttermynkapitaal, insluitende foute en onaangegetekende transaksies.

Afname in goud- en buitelandse valutareserwes

Nadat dit met 'n rekord bedrag van R536 miljoen in 1968 gestyg het, het Suid-Afrika se totale goud- en buitelandse valutareserwes met R59 miljoen in 1969 gedaal. Hierdie afname was die netto resultaat van 'n toename van R52 miljoen in die valutareserwes van die sentrale regering, 'n afname van R105 miljoen in die goud- en buitelandse valutareserwes van die Reserwebank en 'n afname van R6 miljoen in die valutareserwes van die res van die banksektor. Die valutareserwes van die sentrale regering het hoofsaaklik uit Suid-Afrika se super-goud-tranché-posisie by die Internasionale Monetêre Fonds bestaan, wat in 1969 met R67 miljoen toegeneem het, en buitelandse effekte wat deur die Staatskuldkommissaris van die Reserwebank verkry is in ruil vir plaaslik geregistreerde staatseffekte, wat met R7 miljoen gedurende 1969 gedaal het.

Die daling in die goud- en buitelandse valutareserwes het in Mei 1969 begin, nadat dit 'n hoogtepunt van R1,230 miljoen in April bereik het, en het voortgeduur tot September toe dit R1,035 miljoen bedra het. Gedurende die vierde kwartaal het dit egter weer tot R1,041 miljoen toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename van R28 miljoen in die valutareserwes van die sentrale regering, wat bestaan het uit 'n toename van R50 miljoen in Suid-Afrika se super-goud-tranché-posisie by die Internasionale Monetêre Fonds en 'n daling van R22 miljoen in die besit van buitelandse effekte deur die Staatskuldkommissaris.

Gedurende Januarie en Februarie het die goud- en buitelandse valutareserwes van die Reserwebank met R2 miljoen gedaal, nadat R24 miljoen wat van die Internasionale Monetêre Fonds in die vorm van Spesiale Trektingsregte ontvang is, in Januarie in die reserwes ingesluit is. Gedurende dieselfde tydperk het Suid-Afrika se super-goud-tranché-posisie by die Internasionale Monetêre Fonds egter met R16 miljoen toegeneem.

Monetêre en banktoestand


Stadiger koers van toename in geld en kwasi-geld


Nadat dit gedurende 1968 teen die buitengewoon vinnige koers van 20·7 persent toegeneem het, het die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende 1969 teen slegs ongeveer die helfte van daardie koers gestyg, nl. met 10·3 persent of R357 miljoen, waardeur dit aan die einde van 1969 'n peil van ietwat meer as R3,800 miljoen bereik het. Gekoppel aan die volgehoue versneling van die algemene ekonomiese bedrywigheid, het hierdie stadiger koers van toename in geld en kwasi-geld slegs 'n geringe styging in die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk, nl. van 29·6 persent in 1968 tot 30·4 persent in 1969, tot gevolg gehad. Op 'n seisoensaangesuiwerde kwartaallikse grondslag het hierdie verhouding egter van die betreklik hoë peil van 31·5 persent gedurende die vierde kwartaal van 1968 en 31·6 persent gedurende die eerste kwartaal van 1969 tot 30·1 persent gedurende die vierde kwartaal van 1969 gedaal.

In teenstelling met die byna ononderbroke sterk opwaartse neiging van geld en kwasi-geld gedurende 1968, het die toename gedurende 1969 meer onregelmatig verloop, soos in die bygaande tabel getoon word.

Veranderings in geld en kwasi-geld, 1969

	Seisoens-invloed nie uitgeskakel nie		Seisoens-invloed uitgeskakel	
	R miljoene	R miljoene	Percentasie	
Eerste kwartaal	-42	142	4·2	
Tweede kwartaal	90	-4	-0·1	
Derde kwartaal	124	131	3·8	
Vierde kwartaal	184	77	2·1	
Jaar 1969	357	346	10·3	





Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor (d.w.s. bankkrediet aan die private sektor) was die belangrikste enkele oorsaak van die stygging in geld en kwasi-geld in 1969, soos die bygaande tabel toon. Dit vorm 'n teenstelling met 1968, toe die baie aansienlike stygging in die netto goud- en buitelandse valutareserwes die meeste tot die stygging in geld en kwasi-geld bygedra het.

Die skommelings in die veranderings in geld en kwasi-geld in die loop van 1969 waarna hierbo verwys is, kan aan die onreëlmatige verloop van die netto goud- en buitelandse valutareserwes en die netto eise teen die regeringsektor toegeskryf word. Die sterk opwaartse beweging van die netto goud- en buitelandse valutareserwes het tot April 1969 voortgeduur, waarna dit gedurende die tweede en derde kwartale van die jaar baie vinnig gedaal het voordat dit gedurende die vierde kwartaal weer effens gestyg het. Die netto eise teen die regeringsektor het tot Julie 1969 voortgegaan om 'n afwaartse neiging te toon (wat nie uit die kwartaallikse gegewens blyk nie), en daarná gedurende die res van die jaar gestyg. In teenstelling met hierdie skommelings het bankkrediet aan die private sektor dwarsdeur die jaar gestyg en in 1969 nagenoeg R500 miljoen tot die skepping van geld en kwasi-geld bygedra.

Skerp stygging in bankkrediet aan die private sektor

'n Ontleding van die toenames in bankkrediet aan die private sektor, soos in die bygaande tabel getoon, bring aan die lig dat diskonteringe en voorskotte, met

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie

R miljoene

1969

	1968	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	Totaal
Netto goud- en buitelandse valutareserwes	475	101	-77	-119	41	-54
Eise teen die regeringsektor:						
Bruto eise	191	-33	24	-1	54	44
Deposito's (toename-, afname+)	-394	-139	37	32	67	-3
Netto eise	-203	-171	61	31	121	41
Eise teen die private sektor	279	136	74	181	104	494
Langtermyn deposito's (toename-, afname+)	11	-67	38	-30	-31	-90
Ander bates en laste	30	-40	-6	61	-50	-35
Totale verandering in geld en kwasi-geld	592	-42	90	124	184	357

uitsondering van die kaskredietvoorskotte van die Landbank, gedurende 1969 vir die grootste deel van die toename in bankkrediet verantwoordelik was, in teenstelling met 1967 en 1968 toe beleggings 'n aannemerklik groter bydrae tot die stygging in bankkrediet gelewer het. Die toename van R420 miljoen in diskonteringe en voorskotte gedurende 1969 het hoofsaaklik bestaan uit 'n toename in die diskonteringe en voorskotte van handelsbanke (R232 miljoen), aksebanke (R31 miljoen) en monetêre huurkoop- en algemene banke (R43 miljoen) en 'n styging van R78 miljoen as gevolg van 'n toename in netto remises in transito.

Die toename in die diskonteringe en voorskotte van handelsbanke, aksebanke en monetêre huurkoop- en algemene banke is deur verskeie verhogings van die plafon op hierdie diskonteringe en voorskotte gedurende die laaste deel van 1968 en in die loop van 1969 aangehelp. Die verhoging het die plafon vanaf 1 September 1969 op 110 persent, en vanaf 1 Januarie 1970 op 115 persent, van die syfer van Maart 1965 te staan gebring.

Met betrekking tot laasgenoemde verhoging is besluit dat die vroeëre toegewings ten opsigte van die landbou, kleiner sake-ondernehmings en krediet vir sekere strategiese doeleindes buite die nuwe plafon sou bly. Die plafon wat op sekere beleggings van monetêre banke by die private sektor van toepassing is, is vanaf 12 Februarie 1970 met 15 persent tot 115 persent van die peil daarvan soos op 31 Maart 1968 verhoog.

Veranderings in eise teen die private nie-banksektor Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie

R miljoene

	1969						
	1967	1968	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	Jaar
Kaskredietvoorskotte van die Landbank	162	-66	-50	-18	77	-12	-3
Ander diskonteringe en voorskotte	-45	206	187	88	37	108	420
Beleggings	160	113	-10	2	74	10	76
Deposito's	2	26	9	1	-7	-2	1
Totaal	279	279	136	74	181	104	494

Skommelings in oorskot likwiede bates van monetêre banke

Hoofsaaklik as gevolg van veranderings in regeringsdeposito's en in die likwiede batevereistes, het die oorskot likwiede bates van monetêre banke gedurende die tweede helfte van 1969 en vroeg in 1970 duidelike skommelings getoon. So het die oorskot likwiede bates van monetêre banke, wat aan die einde van Julie 1969 tot die betreklik lae peil van minder as R100 miljoen of 2·3 persent van hul totale verpligtings teenoor die

publiek gedaal het, gedurende die res van die jaar weer gestyg en aan die einde van 1969 R286 miljoen of 5·8 persent van die banke se verpligtings teenoor die publiek bedra. As gevolg van die seisoensverskuiwing van fondse na die regeringsektor gedurende Januarie 1970 en 'n aansienlike toename in diskonteringe en voorskotte gedurende Desember, het die oorskot likwiede bates aan die einde van Januarie 1970 tot slegs ongeveer R85 miljoen of 1·8 persent van hul verpligtings teenoor die publiek gedaal.

Onder hierdie omstandighede het die Reserwebank, ná die gebruiklike oorlegpleging met die Tesourie, besluit om 'n afwaartse aanpassing te maak in die likwiede batevereistes vir alle bankinstellings. Met ingang van die datum van sertifisering van die banke se opgawes vir die maand geëindig 31 Januarie 1970 (d.w.s. vanaf ongeveer 21 Februarie) is die likwiedebatevereiste ten opsigte van korttermynverpligtings teenoor die publiek vanaf 48 tot 45 persent verminder.

Veranderings in die toestand op die geldmark en korttermyn-rentekoerse

Die skommelings in regeringsdeposito's het ook die toestand op die geldmark, wat vanaf Augustus tot November 1969 verruum het en gedurende Desember 1969 en vroeg in 1970 weer vernou het, beïnvloed. So het die skatkiswisseltenderkoers, nadat dit vanaf 4·77 persent op 8 Augustus tot 4·34 persent op 28 November 1969 gedaal het, gedurende Desember en die eerste helfte van Januarie stadig gestyg en op 23 Januarie 4·44 persent bereik. Dit het tot 13 Februarie op hierdie peil gebly voordat dit op 20 Februarie weer tot 4·40 persent gedaal het. Ander geldmarkkoerse het soortgelyke skommelings getoon. So het die koers wat



deur die diskontohuise op verhandelbare deposito-sertifikate met 'n looptyd van 120 dae gekwoteer is, bv. teen die einde van November 1969 tot 6,0 persent gedaal en daarna tot nie minder nie as 7,0 persent in die middel van Februarie gestyg voordat dit daarna weer effens gedaal het.

Hierdie ontwikkelings in die geldmarktoestand is ook weerspieël in die veranderings in daggeld gehou by die diskontohuise. Nadat dit toegeneem het tot R406 miljoen op 5 Desember het dit skerp gedaal tot R247 miljoen op 31 Januarie 1970 en daarna weer toegeneem tot R378 miljoen op 20 Februarie 1970. Soos verwag kon word, het die kredietakkommodasie aan die diskontohuise deur die Reserwebank in die teenoorstelde rigting geskommel as hulle daggeld en het toegeneem tot R122 miljoen aan die einde van Januarie voordat dit op 20 Februarie terugbetaal is.

Verskuiwings in rentedraende deposito's en veranderings in rentekoerse op deposito's

Die daling in die oorskot likwiede bates van monetêre banke tot Julie 1969, en die verhoging van die plafon op hulle kredietverlening het tot skerp mededinging vir fondse deur die verskillende bankinstellings en die bouverenigings gelei. Hierdie mededinging het verder verlewendig toe die bouverenigings hulle rentekoerse op deposito's na 7 persent in Julie en hulle koers op belastingvrye aandele na $6\frac{1}{2}$ persent in Augustus opgeskuif het. In hierdie omstandighede het die banke ook hoër koerse op hulle deposito's gedurende Junie, Julie en Augustus aangebied en 'n mate van opwaartse druk op depositokoerse, en dus ook uitleenkoerse, het in die laaste maande van 1969 en vroeg in 1970 voortgeduur.

Aangesien die verbandkoers van bouverenigings vir woonhuise alreeds relatief hoog was op die peil van $8\frac{1}{2}$ persent en so ook die minimum uitleenkoers van handelsbanke op $7\frac{1}{2}$ tot 8 persent, het die monetêre owerhede nie verdere aanpassings in hierdie koerse wenslik geag onder die heersende ekonomiese toestande nie. Die Reserwebank het gevoldiglik alle bankinstellings vroeg in Desember 1969 versoek om nie meer as 7 persent op deposito's van twaalf maande en langer aan te bied nie. In Februarie 1970 was die patroon van koerse aangebied deur die handelsbanke soos volg:

31 dae	5 tot $5\frac{1}{4}$ persent
88–91 dae	$5\frac{1}{2}$ tot $5\frac{3}{4}$ persent
6 maande	6 tot $6\frac{1}{2}$ persent
12 maande	7 persent

Die verminderde aantreklikheid van aandelebeleggings en die hoër rentekoerse wat in die tweede helfte van 1969 aangebied is, het 'n aansienlike toevloeiing van fondse na die banke en bouverenigings tot gevolg gehad. Ten spyte van die aansienlik verminderde koers van toename in geld en kwasi-geld gedurende 1969 in vergelyking met 1968, het die totale toename in rente-

draende beleggings by alle bankinstellings (handelsbanke, aksepbanke en huurkoop- spaar- en algemene banke) en bouverenigings, uitgesonderd deposito's en aandele deur die banke en bouverenigings self gehou, met ongeveer R650 miljoen toegeneem, vergeleke met ongeveer R520 miljoen in 1968. Gedurende die tweede helfte van 1969 het die toename in rentedraende deposito's en bouverenigingsaandele inderdaad nie minder nie as R435 miljoen bedra, waarvan die bouverenigings R215 miljoen, of ongeveer 50 persent, ontvang het.

Staatsfinansies

Gedurende die kalenderjaar 1969 het totale skatkisuitrekings totale ontvangstes (uitgesonderd lenings) met R336 miljoen oorskry, vergeleke met 'n totale tekort van R357 miljoen gedurende 1968. Die kleiner tekort op die skatkisrekening gedurende 1969 het hoofsaaklik gespruit uit 'n aansienlike toename in inkomstebelastingontvangstes, veral van maatskappye, wat op sy beurt met hoër maatskappywinste in verband gebring kan word. Hoewel skatkisuitrekings teen 'n koers van 11 persent gestyg het, het skatkisontvangste met 14 persent toegeneem.

Sover dit die finansiering van die skatkistekort betref, toon die bygaande tabel duidelik 'n aansienlike afname gedurende 1969 in die bedrag wat van die private nie-banksektor en die Staatskuldkommissaris geleen is. Die afname van R118 miljoen in die bydrae wat deur

Skatkisfinansies R miljoene

	1968	1969
Totale netto ontvangstes	1,712	1,951
Totale netto uitrekings	2,068	2,288
Totale tekort (uitgesonderd lenings)	357	336
Finansiering:		
Verandering in netto skuldposisie teenoor:		
Buitelandse sektor	—4	32
Private nie-banksektor	332	144
Staatskuldkommissaris ¹	242	186
Sub-totaal	570	361
Monetêre banksektor		
Verandering in besit aan staatspapier	158	—38
Verandering in skatkissaldo ²	—372	13
Sub-totaal	—213	—25
Totale finansiering	357	336

¹Na aansuivering vir beleggings van die Skatkis by die Staatskuldkommissaris.

²Na aansuivering vir die belegging in die buiteland van die opbrengs van buitelandse lenings, beleggings by die Staatskuldkommissaris en vir oordragte na die stabilisasierekening en na die I.M.F.-depositorekening ten opsigte van super-goud-tranché-trekkings. Toename—, afname+.

die private nie-banksektor gemaak is, kan grootliks toegeskryf word aan kleiner beleggings in belastingvrye Tesourie-obligasies en 'n afname in leningsheffingontvangstes, terwyl die daling in die bydrae van die Staatskuldkommissaris in 'n groot mate die netto onttrekking van fondse by die Kommissaris, in besonder deur die Rekening vir Spesiale Verdedigingstoerusting en die provinsiale administrasies, weerspieël.

Die kleiner bydrae van die private nie-banksektor tot die finansiering van die skatkistekort gedurende 1969 het 'n opvallende verandering tussen 1968 en 1969 in die netto skuldposisie van die Skatkis teenoor die monetêre banksektor tot gevolg gehad. Gedurende 1968 het laasgenoemde met R213 miljoen gedaal, terwyl dit in 1969 met slegs R25 miljoen afgeneem het. Indien veranderings in die deposito's van die provinsiale administrasies en ander regeringsliggame buite die Skatkis ook in berekening gebring word, het die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor in werklikheid gedurende 1969 met R41 miljoen gestyg.

Soos reeds in die bespreking van neigings in geld en die bankwese aangetoon is, het hierdie agteruitgang in die finansiering van regeringsuitgawes in werklikheid vanaf Augustus 1969 merkbaar geword. Gedurende Januarie 1970 het 'n meer as seisoenale toevloeiing van belastings egter tot 'n groot toename in regeringsdeposito's gelei met 'n gevoldlike vermindering in die netto skuldposisie van die regeringsektor teenoor die monetêre banksektor.

Kapitaalmark

Volgehoue daling in aandelepryse

Nadat dit tot rekordhoogtes gedurende Mei 1969 gestyg het, het die prys van alle klasse aandele gedurende die daaropvolgende vyf maande skerp gedaal en toe gedurende November en Desember 'n matige afwaartse neiging getoon wat gedurende Januarie 1970 deur 'n verdere skerp afwaartse beweging gevolg is. Die prys van ander aandele as nywerheids- en handelsaandele, was gemiddeld aansienlik laer in Desember 1969 as aan die einde van 1968, terwyl die prys van nywerheids- en handelsaandele aan die einde van 1969 op dieselfde peil was as aan die einde van 1968. Die aantal aandele op die effektebeurs verhandel, wat ook


Bewegings in aandelepryse

Persentasieverandering

	Des. 1968	Mei 1969	Des. 1968
	tot Mei 1969	tot Des. 1969	tot Des. 1969
Goudmynaandele	4·2	-29·1	-26·1
Finansiële aandele:			
Mynwese	29·3	-37·9	-19·7
Nywerheid en algemeen	31·8	-31·3	-9·4
Nywerheids- en handelsaandele	28·3	-22·4	-0·5

'n rekordpeil in Mei 1969 bereik het, het gedurende die daaropvolgende maande skerp afgeneem.

Nadat die gemiddelde opbrengskoers op goudmynaandele vanaf 6·0 persent aan die einde van 1968 tot 5·7 persent in Mei 1969 gedaal het, het dit tot 8·5 persent in Desember 1969 toegeneem. In die geval van nywerheids- en handelsaandele was die gemiddelde opbrengskoers 4·1 persent in Desember 1969, vergeleke met 3·4 persent in Mei 1969 en 3·9 persent in Desember 1968.



Nuwe aandelekapitaal opgeneem

Nieteenstaande die skerp daling in aandelepryse ná Mei 1969, het nuwe uitgiftes van aandelekapitaal regdeur 1969 teen 'n hoë peil voortgeduur. Voorlopige syfers dui daarop dat 'n rekordbedrag aan nuwe aandelekapitaal, naamlik ongeveer R410 miljoen, gedurende 1969 opgeneem is, wat die totaal vir 1968 met ongeveer R100 miljoen oorskry en die totaal vir die twee jare op heelwat meer as R700 miljoen te staan gebring het. Alhoewel nuwe kapitaaluitgiftes gedurende die vierde kwartaal nog R80 miljoen bedra het, het 'n merkbare afname in die aantal nuwe uitgiftes gedurende hierdie tydperk waarneembaar geword en in Desember het die bedrag aan nuwe kapitaaluitgiftes tot 'n onbeduidende syfer gedaal.

Effektetrusts

Na die baie groot toevloeiing van fondse na die effektetrusts gedurende die eerste vyf maande van 1969, het die netto verkope van onderaandele gedurende Julie en Julie skerp gedaal, terwyl die trusts netto terugkopers van onderaandele tot 'n bedrag van R23 miljoen gedurende die laaste vyf maande van 1969 geword het. Die opbrengs van netto verkope van onderaandele het desnieteenstaande R413 miljoen gedurende 1969 as geheel bedra, vergeleke met R204 miljoen gedurende 1968. As gevolg van die daling in aandelepryse ná Mei 1969, het die markwaarde van die trusts se netto bates nie die toevloeiing van fondse na hulle ten volle weerspieël nie en het dit R691 miljoen aan die einde van 1969, of R319 miljoen meer as aan die einde van 1968, bedra.

Die aansienlike netto verkope van onderaandele gedurende die eerste vyf maande van 1969 het die trusts se besit aan kontant en deposito's vanaf R36 miljoen aan die einde van 1968 tot R194 miljoen aan die einde van Mei 1969 verhoog. Daarna het hierdie besit tot R80 miljoen aan die einde van 1969 gedaal as gevolg van netto terugkope van onderaandele en netto beleggings in sekuriteite. Aangesien die trusts se voorgeskrewe beleggingsvereistes op die markwaarde van hulle portefeuilles gebaseer word, het die daling in die markwaarde van hulle beleggings die bedrag wat in goedgekeurde effekte belê moet word, verminder. Alhoewel die trusts goedgekeurde effekte tot 'n netto bedrag van R14 miljoen gedurende die laaste vyf maande van 1969 verkoop het, het hul oorskotbesit aan goedgekeurde effekte nog R49 miljoen aan die einde van 1969 bedra, waarvan R34 miljoen 'n oorskot aan staatseffekte verteenwoordig het.

In ooreenstemming met die ontwikkelings op die effektebeurs het die indeks van verkoopprys van onderaandele vanaf 216 in Desember 1968 tot 298 in Mei 1969 toegeneem en het daarna weer tot 216 in Desember 1969 gedaal. Die gemiddelde opbrengskoers op onderaandele het 2·0 persent in Desember

1969 bedra, vergeleke met 1·4 persent in Mei 1969 en 2·0 persent in Desember 1968.

Die mark vir vaste-rentedraende effekte

Nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte is gedurende die eerste helfte van 1969 goed ondersteun, nieteenstaande die hoë peil van aktiwiteit op die aandelemark. Toestande in die mark vir vaste-rentedraende effekte het egter vanaf die middel van 1969 opmerklik vernou. So het die opbrengskoers op nuwe langtermyn-uitgiftes van semi-prima-effekte vanaf ongeveer 7·1 tot 7·3 persent gedurende die derde kwartaal toegeneem en selfs teen die hoë opbrengskoerse was die betrokke leners nie in staat om hul leningsbehoeftes ten volle te bevredig nie. As gevolg van hierdie ontwikkelings is sommige van die uitgiftes wat vir die vierde kwartaal beplan is, uitgestel. Verdere opwaartse druk op hierdie opbrengskoerse is deur nuwe uitgiftes wat vir die eerste kwartaal van 1970 beplan word, bevestig. Die oorheersende opbrengskoers op nuwe skuldbriewe van maatskappye het vanaf $8\frac{1}{4}$ tot $8\frac{1}{2}$ persent gedurende die tweede kwartaal van 1969 toegeneem en het verder tot $8\frac{3}{4}$ persent gedurende die derde kwartaal gestyg. Alhoewel nuwe uitgiftes gedurende die vierde kwartaal beperk was, het aankondigings van komende uitgiftes ook op 'n verdere sterk opwaartse druk op die betrokke opbrengskoerse gedui.

Gedurende 1969 het die opbrengskoers op staats-effekte met 'n looptyd van 25 jaar en langer onveranderd op $6\frac{1}{2}$ persent gebly, maar op 8 Januarie 1970 het die Reserwebank die koers op effekte met looptye van tussen 15 en 25 jaar na $6\frac{1}{2}$ persent verander. Vergelyk met die opbrengskoers op gewone aandele, soos die opbrengskoers op nywerheids- en handelaandele, het die omgekeerde rendementsgaping gedurende die jaar effens vernou, naamlik vanaf 2·6 tot 2·4 persent, nadat dit tot soveel as 3·1 persent in Mei 1969 vergroot het.


Bouverenigings

Bouverenigings het 'n rekord toevloeiing van fondse gedurende 1969 ondervind en hulle middele het met nie minder nie as R296 miljoen toegeneem, vergeleke met R188 miljoen gedurende 1968. Van die eersgenoemde bedrag is R107 miljoen gedurende die laaste kwartaal en R211 miljoen gedurende die tweede helfte van 1969 ontvang. Die groter toevloeiing van fondse na die bouverenigings gedurende die tweede helfte van 1969 het gevold op 'n verhoging vanaf $6\frac{1}{2}$ tot 7 persent in die koers op vaste deposito's gedurende die tweede helfte van Julie en 'n verhoging vanaf 6 tot $6\frac{1}{2}$ persent in die koers op belastingvrye aandele vroeg in Augustus. Daarbenewens is die perke wat van toepassing is op die individuele besit aan belastingvrye aandele en spaardeposito's albei verhoog tot R10,000 vanaf onderskei-

delik R6,660 en R6,000. Maar die vernaamste bydraende faktor tot die toename in die bouverenigings se middele was 'n omkering in die vloeiing van fondse na die effektebeurs en die effektetrusts, nadat aandele-pryse skerp gedaal het. Nie alleen is die bouverenigings deur hierdie verandering bevoordeel nie, maar vaste en spaardeposito's by alle bankinstellings het gedurende die tweede helfte van die jaar ook aansienlik toegeneem. Beleggings in bouverenigingsaandele het die grootste bydrae tot die toename in die middele van die bouverenigings gedurende 1969 gelewer en het R172 miljoen bedra, waarvan R69 miljoen beleggings in belastingvrye aandele verteenwoordig het. Vaste deposito's en spaardeposito's het met onderskeidelik R71 miljoen en R52 miljoen gedurende dieselfde tydperk toegeneem.

Die toename in die middele van die bouverenigings is nie ten volle weerspieël in die bedrag waarmee die verband- en ander lenings uitstaande gedurende 1969 toegeneem het nie. Die betrokke toename van R227

miljoen, of 12 persent, in uitstaande lenings was nogtans aansienlik hoër as die ooreenstemmende syfer van R143 miljoen vir 1968, wat 'n toename van 8 persent verteenwoordig het. Nuwe verbandvoorskotte toegestaan het teen die einde van 1969 egter merkbaar toegeneem en het R199 miljoen gedurende die vierde kwartaal bedra, vergeleke met 'n kwartaallikse gemiddelde van R129 miljoen vir die eerste drie kwartale. As gevolg van die verskil tussen die toename in die middele en die toename in die verband- en ander lenings uitstaande, is die bouverenigings met genoegruimte gelaat om hul besit aan likwiede bates en ander voorgeskrewe beleggings te verhoog. 'n Netto toevoeging van R69 miljoen, waarvan R52 miljoen gedurende die vierde kwartaal belê is, is tot hulle besit aan voorgeskrewe beleggings gedurende 1969 gemaak en dit het hul oorskotbesit aan voorgeskrewe beleggings bo die wettlike minimum tot R161 miljoen aan die einde van 1969 laat styg, nadat hierdie oorskot tot R73 miljoen aan die einde van Junie 1969 afgeneem het.



Reëlings ten opsigte van die bemarking van Suid-Afrika se goud

In die lig van die openbare belangstelling in die besonderhede van die reëlings wat onlangs in verband met die bemarking van Suid-Afrika se goud aangekondig is, word brieue en ander inligting rakende hierdie ooreenkoms hieronder gepubliseer.

Ministerie van Finansies

Pretoria

23 Desember 1969.

Geagte mnr. Schweitzer,

Soos u weet het die Republiek van Suid-Afrika vir 'n geruime tyd met die Verenigde State, met ander ledelande en met u samesprekings gevoer oor die procedure vir die ordelike verkoop van nuutontginde goud op die mark en die verkoop van goud aan die Internasionale Monetêre Fonds. Ek wens u mee te deel dat die Suid-Afrikaanse owerhede as gevolg van hierdie same-sprekings 'n beleid met betrekking tot goudverkope aanvaar het en ek wil graag versoek dat die Fonds bevestig dat hy bereid sal wees om, in die lig van hierdie beleidsverklaring, goud van Suid-Afrika te koop in die omstandighede en onder die voorwaardes wat hieronder uitgegesit word.

Die oogmerke van die Suid-Afrikaanse owerhede met betrekking tot die hantering van nuutontginde goud en reserwes is soos volg:

1. Sonder om aan die bepaling van die wetlike posisie ingevolge die Akte van Ooreenkoms van die Fonds afbreuk te doen kan die Suid-Afrikaanse owerhede aanbied om goud aan die Fonds te verkoop vir die geldeenheid van ander lede teen die prys van 35 dollar per ons, min 'n heffing vir hantering, soos volg:
 - (a) Gedurende periodes waarin die markprys van goud tot 35 dollar per ons of laer daal, in welke geval aanbiedinge om goud kragtens hierdie paragraaf (a) aan die Fonds te verkoop, beperk sal wees tot bedrae wat benodig word om lopende buitelandse valutabehoeftes te dek, en
 - (b) ongeag die prys op die vrye mark in die mate waar toe Suid-Afrika behoeftte ondervind aan buitelandse valuta oor halfjaarlikse periodes bo en behalwe dit wat bevredig kan word deur die verkoop van alle lopende nuwe goudproduksie op die vrye mark of deur verkope aan die Fonds kragtens paragraaf 1 (a) hierbo.

- (a) Die Suid-Afrikaanse owerhede beoog om die lopende produksie van nuutontginde goud op 'n ordelike wyse op die vrye mark te verkoop tot die totale omvang van lopende betalingsbehoeftes. Daar word verwag dat nuwe produksie wat daardie behoeftes gedurende 'n halfjaarlikse periode te bowe gaan, by die reserwes gevoeg mag word.
- (b) Wanneer goud anders as op die vrye mark verkoop word, beoog die Suid-Afrikaanse owerhede om in praktyk sodanige goud normaalweg aan die Fonds aan te bied.
- (c) Die Suid-Afrikaanse owerhede mag goud in normale Fonds-transaksies gebruik, byvoorbeeld by die terugkoop van toepaslike trekkings op die Fonds, en om die goudgedeelte van enige toename in Suid-Afrika se kwota te dek, en om valuta wat werklik inwisselbaar is te verkry om teen spesiale trekkingsregte, wat die Fonds aan Suid-Afrika mag toewys, in te ruil. Rand deur ander ledelande op die Fonds getrek, sal oor die algemeen in goud omgewissel word wanneer Rand in trekkings ingevolge normale Fondsprocedures ingesluit word. Hierdie Fondsverwante transaksies wat ongeag die markprys van goud mag plaasvind, sal in veranderings in die samestelling van Suid-Afrika se reserwes weerspieël word, maar sal nie die volume van verkope van nuutontginde goud in die mark beïnvloed nie.
3. Neteenstaande paragrawe 1 (b) en 2 (a) hierbo, sal die bedrag aan goud wat op 17 Maart 1968 deur Suid-Afrika gehou is, verminder met verkope deur Suid-Afrika aan monetêre owerhede (insluitende Fondsverwante transaksies) ná daardie datum en verder verminder met sodanige toekomstige verkope aan monetêre owerhede as wat gemaak mag word om tekorte te finansier of as gevolg van Fondsverwante transaksies, beskikbaar wees vir sodanige addisionele monetêre verkope as wat die Suid-Afrikaanse owerhede mag bepaal, tot 'n maksimum van 35 miljoen dollar per kwartaal met ingang 1 Januarie 1970. Daar word ook verwag dat die Fonds, in die uitvoering van hierdie ooreenkoms, sal instem om die hoeveelheid goud deur Suid-Afrika aan hom in Mei 1968 aangebied, te koop.

Ten einde te bepaal of Suid-Afrika betalingsbalans-tekorte of -oorskotte het en ook om ander punte ten opsigte van die werking en prosedure van hierdie beleid aan te toon, sluit ek 'n memorandum in wat hierdie besondere sake toelig.

Dit sal op prijs gestel word indien die Fonds, in die lig van hierdie beleidsoogmerke, in staat sal wees om te besluit dat hy goud van Suid-Afrika onder die omstandighede hierbo uiteengesit sal koop. Ek sou verwag dat die Fonds die posisie te enige tyd, indien daar 'n wesenlike verandering in omstandighede sou voorkom, en in elk geval na vyf jaar, in hernoeging sou wou neem.

Die Suid-Afrikaanse owerhede sal in samewerking met die Besturende Direkteur konsultasieprosedures met betrekking tot die valuta wat van die Fonds met goud gekoop sal word, uitwerk.

Ek hoop dat die Fonds met hierdie aangekondigde beleid, die uitvoering waarvan na my mening tot die stabiliteit van die internasionale monetêre stelsel sal bydra, en my voorstel sal saamstem. 'n Afskrif van hierdie brief is gestuur aan die Sekretaris van die Tesourie van die Verenigde State.

Die uwe,
get. N. Diederichs
Minister van Finansies
Republiek van Suid-Afrika.

Die Besturende Direkteur,
Internasionale Monetêre Fonds.

Punte aangaande werking en prosedure

A. Vir huidige doeleindes sal betalingsbalanstekorte en -oorskotte gelyk wees aan die verandering gedurende die rekeningkundige periode in die totaal van Suid-Afrika se offisiële goud- en buitelandse valutareserves, die netto I.M.F.-posisie en veranderings in die besit aan S.T.R., en enige buitelandse bates wat deur ander Suid-Afrikaanse bankinstellings en amptelike instellings ingevolge ruiloooreenkoms met die Reserwebank gehou word. Daar word aangeneem dat veranderings in die goudbesit buite die monetêre reserves en in die monetêre banke se posisies wat nie deur die ruiloooreenkoms met die Reserwebank gedek word nie, normaalweg nie beduidend is nie. Indien dit te enige tyd beduidend sou word, sal verdere oorweging aan die insluiting daarvan in die berekenings geskenk word. S.T.R.-toekennings sal nie beskou word om 'n vermindering van 'n tekort of 'n vermeerdering van 'n oorskot, soos hierbo gedefinieer te bewerkstellig nie. Suid-Afrika voorsien nie buitengewone of nie-tradisionele buitelandse lenings of ander spesiale transaksies wat die komponente in hierdie paragraaf uiteengesit, sal beïnvloed nie.

B. Die toevoeging van nuutontginde goud tot die Suid-Afrikaanse reserves kragtens paragraaf 2 (a) sal plaasvind wanneer daar 'n oorskot vir 'n rekeningkundige periode is. Dit word in die vooruitsig gestel dat alle nuwe goudproduksie, min binnelandse verbruik, gedurende die rekeningkundige periode as 'n kredietpos in die betalingsbalans behandel sal word en dat dit inderdaad op 'n lopende basis verkoop sal word kragtens paragraaf 1 (a) en paragraaf 2 (a) om die totale omvang van betalingsbehoeftes te bevredig, behalwe vir verkoop beskikbaar kragtens paragraaf 3, afgesien van die Fondstransaksie wat in Mei 1968 aanhangig gemaak is.

C. Verkoop van goud deur Suid-Afrika aan monetêre owerhede kragtens paragraaf 1 (a) mag vir enige dag wanneer beide die Londense vasstellingspryse op 35 dollar per fyn ons of minder te staan kom, plaasvind tot 'n bedrag ongeveer gelyk aan een-vyfde van weeklikse verkoope uit nuwe produksie wat vir betalingsbalansbehoeftes bemark moet word.

D. Onderhewig aan paragraaf 2 (a):

1. Sou verkoop aan die monetêre owerhede kragtens paragraaf 1 (b) plus verkoop van S.T.R.'s en trekkings op die I.M.F. deur Suid-Afrika, die tekort gedefinieer in paragraaf A van hierdie memorandum oorskry sal sodanige oorskot afgetrek word van die bedrag wat toelaatbaar is vir die eerste daaropvolgende rekeningkundige periode waarin 'n tekort weer ondervind word.

2. Sou verkoop aan die monetêre owerhede kragtens paragraaf 1 (b), plus verkoop van S.T.R.'s en trekkings op die I.M.F., minder wees as die bedrag wat toelaatbaar is vir 'n rekeningkundige periode waarin Suid-Afrika beoog om sy hele tekort op hierdie wyse te finansier, sal die tekort by die bedrag wat toelaatbaar is vir die daaropvolgende rekeningkundige periode, getel word.

3. Daar word verwag dat enige verskille ingevolge 1 en 2 hierbo minimaal sal wees.

4. Sou verkoop aan die monetêre owerhede kragtens paragraaf 1 (b), plus verkoop van S.T.R.'s en trekkings op die I.M.F. minder wees as die bedrag toelaatbaar vir 'n rekeningkundige periode waarin Suid-Afrika nie beoog om sy totale tekort op hierdie wyse te finansier nie maar verkies om meer op die vryemark te verkoop as wat hy kragtens paragraaf 2 (a) onderneem om te doen sal geen aansuiwing vir enige daaropvolgende rekeningkundige periode gemaak word nie.

E. Wanneer die prysmaatstaf in werking is, sal verkoop van goud aan die I.M.F. aan die totale tekort, indien enige, gedurende die rekeningkundige periode toegewys word. Die balans van sodanige verkoope, indien enige, sal toegewys word aan nuutontginde goud tot die omvang van die goudproduksie gedurende die rekeningkundige periode.

F. Verkope of betalings kragtens paragraaf 2 (c) in verband met I.M.F.-verwante transaksies sal na verwagting slegs plaasvind ooreenkomsdig die maatstawwe wat normaalweg in die vooruitsig gestel word vir I.M.F.-trekkings deur lede, vir gebruik van die valuta van lede in trekkings deur ander lede en vir S.T.R.-transaksies.

G. Basies word daar nie verwag dat die samestelling van die Suid-Afrikaanse reserwes belangrik sal verander nie. In besonder word aangeneem dat die verhouding van goud tot totale reserwes betreklik stabiel sal bly. Indien Suid-Afrika sou begeer om addisionele goudverkope te onderneem of om andersins bates te vervuil met die doel om 'n basiese verandering in die samestelling van sy reserwes te weeg te bring, sal verdere samesprekings gevoer word met die doel om sodanige oogmerke op te klaar.

Die Sekretaris van die Tesourie

Washington

24 Desember 1969.

Geagte mnr. Schweitzer,

Ek het 'n afskrif ontvang van die brief, gedateer 23 Desember 1969, wat deur mnr. Diederichs aan u gestuur is en waarin hy die doelstellings wat Suid-Afrika met betrekking tot die hantering van sy nuutontgindé goud en reserwes, beoog, uiteensit. Hierdie saak is belangrik vir die voortgesette doeltreffende funksionering van die twee-prys goudmark wat ontstaan het by 'n vergadering op 16-17 Maart 1968, wat u bygewoon het.

In die lig van die doelstellings van Suid-Afrika, en in die lig van samesprekings wat ons met ander lede van die Fonds gevoer het, stel ek u graag in kennis dat ek die Verenigde State se Uitvoerende Direkteur gelas het om die volgende standpunt in te neem. Die Verenigde State is bereid om die Internasionale Monetêre Fonds te steun in sy besluite om goud, wat deur Suid-Afrika te koop aangebied word, te koop in die omstandighede en onder die voorwaardes uiteengesit in daardie brief, met die veronderstelling dat daar oor die algemeen 'n verstandhouding tussen lede van die Fonds is dat hulle nie van voorname is om offisiële goudaankope regstreeks van Suid-Afrika te onderneem nie. Met hierdie verstandhouding glo ek dat die beleid wat gevvolg sal word sal strook met die stabilitet en behoorlike funksionering van die internationale monetêre stelsel.

Die uwe,
get. Paul A. Volcker
Waarnemende Sekretaris

Die Besturende Direkteur,
Internasionale Monetêre Fonds.

Invoerbeheer en tariefbeskerming

Persverklaring uitgereik deur die Minister van Ekonomiese Sake

In 'n persverklaring wat op 19 Desember 1969 uitgereik is, het die Minister van Ekonomiese Sake, mnr. J. F. W. Haak, aangekondig dat die Regering besluit het om by die verdere toepassing van sy invoerbeperkings homself nie langer op die bepalings van Artikel XII van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel te beroep nie. Die betrokke bepalings magtig ondertekenaars van die Algemene Ooreenkoms om invoerbeheer slegs vir betalingsbalansdoeleindes te gebruik. Die artikel bepaal egter ook dat lande wat hulle op hierdie magtiging beroep, hulle invoerbeperkings moet afskaf sodra die toepassing van invoerbeheer nie langer op betalingsbalansgronde geregtig kan word nie.

Die Regering se besluit om sy gebruik van Artikel XII van die Algemene Ooreenkoms as regverdiging vir die toepassing van invoerbeheer te staak, is geneem vanweë die hoë peil van die Republiek se monetêre reserwes asook die algemene gunstige posisie van sy betalingsbalans. Na oorlegpleging met die missie van die Internasionale Monetêre Fonds tydens sy onlangse jaarlikse samesprekings met die Regering, het die Regering besluit dat weens bogenoemde faktore hy hom nie meer op die betrokke bepalings van die Algemene Ooreenkoms sal beroep nie.

Die Regering se besluit beteken egter nie dat invoerbeheer nou dadelik afgeskaf gaan word nie. Invoerbeheer word reeds vir meer as 20 jaar lank toegepas. Hoewel invoerbeheer gedurende die afgelope paar jaar aansienlik verslap is, kan die oorblywende invloerbeperkings nie nou dadelik afgetakel word sonder dat daar ernstige ontwrigting in verskeie plaaslike nywerhede sal plaasvind nie.

Die ondervinding het geleer dat die meeste nywerhede wat in Suid-Afrika gevestig word, 'n mate van beskerming nodig het om teen buitelandse konkurriesstaande te bly. Waar daar die nodige vryheid van tarief-optrede bestaan, is daar dan ook, ingevolge die Regering se beleid om matige beskerming op 'n selektiewe grondslag toe te staan, tariefbeskerming wat in die algemeen as voldoende geag word, aan hulpbehoe-

wende nywerhede verleen. Hierdie nywerhede behoort in staat te wees om, sonder die toevallige beskerming wat van invoerbeheer afkomstig is, die mas te kan opkoms. In elk geval staan dit hierdie nywerhede vry om, indien hulle van mening is dat die geldende invoertariewe onvoldoende is, 'n gemotiveerde saak vir verhoogde tariefbeskerming by die Raad van Handel en Nywerheid uit te maak.

In daardie gevalle, egter, waar die Regering se tariefverpligte onder die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel, of sy ander verpligte, dit vir hom onmoontlik maak om invoerregte te hef of te verhogen einde aan verdienstelike nywerhede wat reeds bestaan of binne afsienbare tyd tot stand mag kom, 'n redelike mate van tariefbeskerming te verleen, sal die bestaande invoerbeperkings wat vir die beskerming van sulke nywerhede aangewend kan word, nie afgetakel word voordat die Regering die vryheid beding het om die nodige tariefbeskerming te verleen nie.

Die aard en omvang van die Republiek se tariefverpligte onder die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel strem die Regering in 'n aansienlike mate in die uitvoering van sy verklaarde beleid om aan plaaslike nywerhede 'n redelike mate van tariefbeskerming op 'n selektiewe grondslag te verleen.

Die verlening van hierdie soort tariefbeskerming is onontbeerlik vir die verdere nywerheidsontwikkeling van 'n jong nywerheidsland soos die Republiek asook vir die doeltreffende implementering van die Regering se beleid van nywerheidsdesentralisasie.

Die Regering het gevoldiglik besluit dat die tyd nou aangebreek het vir 'n algehele hersiening van sy tariefverpligte onder die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel – verpligte wat 22 jaar gelede aangegaan was toe Suid-Afrika se ekonomiese omstandighede en behoeftes heeltemal anders was as vandag. Die nodige onderhandelinge vir dié doel met die ander belanghebbende ondertekenaars van die Ooreenkoms sal by die vroegste moontlike geleentheid aangeknoopt word.